

## Sondag 7 Augustus

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-39; HK Sondag 21, 22**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:28-39 (1933/53-vertaling)**

### Die Heilige Gees deel Christus se weldade uit

Ons Here Jesus Christus het aan die kruis vir ons sondes gesterf, op die derde dag uit die dood opgestaan en só die doodstraf vir ons betaal. Veertig dae later het Hy na die hemel opgevaar om aan die regterhand van God te sit. Dáár is Hy ons Voorspraak by die Vader, en ook die Waarborg dat God ons na Hom sal neem. Vandaar regeer God alles deur Christus vir ons ten goede.

Tien dae ná sy hemelvaart stuur Hy sy Gees om ons te troos, ewig by ons te bly en om ons aan Christus se weldade deel te laat kry. Dit beteken dat die Heilige Gees in ons harte werk sodat ons Christus se weldade op onself van toepassing kan maak. Daar is vier weldade van Christus waaraan ons deel kry, waarvan die Heilige Gees ons deur Woord en sakrament vertel:

- Die eerste is dat ons deel is van die algemene Christelike kerk. Sondag 21:54, 55 verduidelik dat Christus al van die begin van die wêreld af vir Hom 'n gemeente bymekaar maak, beskerm en onderhou. Romeine 8:29- 30 beskryf dit met vyf trappies van 'n leer: God het ons vooruit verkies / geken, vooruit bestem / verordineer, geroep, vrygespreek / geregverdig en ons verheerlik. Al vyf hierdie trappe word in die verlede tyd geskryf. Selfs die verheerliking, wat eers met die wederkoms in volle vervulling gaan, word in die verlede tyd gestel. In God se Raadsplan is dit só seker en duidelik dat God dit vir ons as 'n voldonge feit stel. God is vir ons (Rom. 8:31)!
- Die tweede weldaad is dat ons sondes vergewe is. In Romeine 8:31 -34 word drie keer "wie?" gevra. Elke keer word veronderstel dat Satan teen ons is, dat Satan ons beskuldig met: Julle is te sondig dat God julle kan vergewe. Satan sê: Julle moet geoordeel word, julle is die dood skuldig! Elke keer antwoord God egter: God is vir ons. God het sy Seun nie gespaar nie. God het sy uitverkore kind vrygespreek/geregverdig. Christus het in ons plek die dood gesterf. God wil nooit weer aan ons sondes dink nie. Uit genade sal ons nooit meer in God se strafgerig kom nie (Sondag 21:56)!
- Die derde (opstanding uit die dood) en vierde (ewige lewe) weldade hoort bymekaar. Lees weer Romeine 8:28, 29, 34 en 37. God wil dieselfde as wat Hy vir Christus gegee het, ook vir ons gee. Ons is aan Christus gelykvormig en Hy is die Eersgeborene – ons volg Hom na. Ons sal ook uit die dood opstaan en ewig lewe. Ons is net soos Christus méér as oorwinnaars – die sonde en die dood is oorwin. Die toppunt van God se goedheid word ons s'n. Dit is 'n ewige saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie!
- Die Heilige Gees roep ons om verby al ons ellende te kyk en ons hoop op die sekerheid van hierdie weldade te stel. God is vir ons!

*Sing: Skrifberyming 10:1-6 (5-4)*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)*